"erf" means any piece of land registered in a deed registry, an erf, lot, plot, stand, or agricultural holding;

"flashing sign" means a sign in which a symbol, figure, message or illustration intermittently appears and/or disappears and/or is illuminated with light of varying colour or intensity;

"illuminated sign" means a sign, the continuous or intermittent functioning of which depends upon it being illuminated;

"moveable temporary sign" means a sign not permanently fixed and not intended to remain fixed in one position, but does not include any moving part in a fixed permanent sign;

"poster" means any placard announcing or attracting public attention to any meeting, event, function, activity or undertaking or to the candidature of any person nominated for election to parliament, the local government or similar body or to a referendum;

"public place" means any road, street, thoroughfare, bridge, subway, foot pavement, footpath, sidewalk, lane, square, open space, garden, park or enclosed space vested in the WMLC;

"pylon sign" means any sign whether stationery or actuated, displayed on or forming an integral part of a pylon, mast, tower or similar structure other than a building or an advertising hoarding;

"projected sign" means any sign projected by a cinematograph or other apparatus, but does not include a sign projected onto the audience's side of a drive-in cinema screen during a performance;

"projecting sign" means a sign, whether stationary or actuated, attached to and protruding from the facade of a building;

"residential purposes" means the use of a building, as a dwelling house, two or more dwelling units, a hostel, a hotel, a boarding house and a residential club;

"road traffic sign" means any road traffic sign as defined in section 1 of the Road Traffic Ordinance, 1966 (Ordinance 21 of 1966);

"rotating sign" means a sign which rotates about any axis;

"sign" means any advertisement and any object, structure or device which is in itself an advertisement, in, or in view of any street, or which is used to display an advertisement, but does not include an advertising hoarding or a poster, or any motor vehicle, or animal-drawn vehicle with an advertisement thereon;

"sky sign" means any sign erected or placed on or above any roof, parapet wall or the eaves of a building, but does not include a rotating sign referred to in section 15, or a sign painted on a roof of a building;

"storey" means that space within a building which is situated between one floor level and the next floor level next above, or if there are no clearly defined storeys, the height of a storey shall be taken as 4,5 m;

"street" means any street, road or thoroughfare shown on a general plan of a township, agricultural holding or any other division of land or in respect of which the public have acquired a prescriptive or other right of way and which vest in the WMLC;

"verandah" means a structure in the nature of a roof attached to or projecting from the facade of a building and supported along its free edge by columns or posts.

2. Application for approval for signs and advertising hoardings

2. (1) No person shall display or erect any sign or advertising hoarding or use any structure or device as a sign or advertising hoarding without prior written approval from the WMLC: Provided that this section shall not apply to a sign contemplated in sections 4, 19, 22 and 24.

2. (2) No sign displayed with the approval of the WMLC shall in any way be altered, moved, re-erected nor shall any alteration be made to the electric wiring system of such sign except for the purpose of renovation or maintenance, without the further approval of the WMLC in terms of subsection 2 (1).

2. (3) An application in terms of subsection 2 (1) shall be signed by the owner of the proposed sign or advertising hoarding and by the owner of the land or building on which the sign or advertising hoarding is to be erected or displayed, or on behalf of the owner of the land or building by his agent authorised in writing by such owner and shall be accompanied by—

"geprojekteerde teken" 'n teken wat deur 'n kinematografiese of ander apparaat geprojekteer word, maar sluit nie 'n teken in wat tydens 'n vertoning aan die gehoor se kant van 'n inrybioskoopskerm geprojekteer word nie;

"goedgekeur" goedgekeur deur die WMPR, en "goedkeuring" het 'n ooreenstemmende betekenis;

"kimteken" 'n teken wat op of bo 'n dak, borsweringmuur of die dakrand van 'n gebou opgerig of geplaas word, maar sluit nie 'n roterende teken in wat in artikel 15 genoem word of 'n teken wat op 'n dak van 'n gebou geskilder word nie;

"openbare plek" 'n pad, straat, deurgang, brug, duikweg, voetbestrating, voetpad, sypaadjie, steeg, plein, oop ruimte, tuin, park of ingeslote ruimte wat by die WMPR berus;

"padverkeersteken" 'n padverkeersteken soos omskryf in artikel 1 van die Padverkeerswet, 1989 (Wet 29 van 1989);

"Piloonteken" 'n teken, hetsy stilstaande of geaktueer, wat op 'n piloon, mas, toring of dergelike struktuur behalwe 'n gebou of 'n advertensieskutting vertoon word of 'n integrerende deel daarvan uitmaak;

"plakkaat" 'n biljet wat 'n vergadering, geleentheid, funksie, aktiwiteit of onderneming of die kandidatuur van 'n persoon wat vir verkiesing tot die parlement, die plaaslike regering of 'n dergelike liggaam benoem is of 'n referendum aankondig of die publiek se aandag daarop vestig;

"rigtingteken" 'n teken wat die pad aandui na 'n plek, onderneming of aktiwiteit vir die doeleindes van advertensie of om die publiek se aandag te trek, soos in die omskrywing van "advertensie" bedoel;

"roterende teken" 'n teken wat op 'n as roteer;

"straat" 'n straat, pad of deurgang wat op die algemene plan van 'n dorp, landbouhoewe of ander verdeling van grond aangetoon word of ten opsigte waarvan die publiek 'n reg deur verjaring of ander reg van weg verkry het en wat by die WMPR berus;

"teken" 'n advertensie of 'n voorwerp, struktuur of toestel wat op sigself 'n advertensie is, in, of sigbaar vanuit 'n straat, of wat gebruik word om 'n advertensie te vertoon, maar sluit nie 'n advertensieskutting of 'n plakkaat of 'n motorvoertuig of 'n voertuig met 'n advertensie daarop wat deur 'n dier getrek word, in nie;

"uitsteekteken" 'n teken, hetsy stilstaande of geaktueer, wat aan die fasade van 'n gebou vas is en daarvan wegstaan;

"veranda" 'n struktuur soortgelyk aan 'n dak wat aan die fasade van 'n gebou vas is en daarvan wegstaan en langs sy vrykant deur pilare of pale gestut word;

"verdieping" daardie ruimte binne 'n gebou wat tussen een grondvlak en die volgende grondvlak daarbo geleë is of, as daar geen duidelik omskrewe verdiepings is nie, word die hoogte van 'n verdieping as 4,5 m geneem;

"verligte teken" 'n teken waarvan die onafgebroke of afwisselende funksionering daarvan afhang dat dit verlig word;

"verplaasbare tydelike teken" n teken wat nie permanent vas is nie en nie bedoel is om in een posisie te bly nie, maar sluit nie 'n bewegende deel van 'n vaste permanente teken in nie;

"woondoeleindes" die gebruik van 'n gebou as 'n woonhuis, twee of meer wooneenhede, 'n hostel, 'n hotel, 'n losieshuis en 'n woonklub.

2. Aansoek om goedkeuring van tekens en advertensieskuttings

2. (1) Niemand mag 'n teken of advertensieskutting vertoon of oprig of 'n struktuur of toestel as 'n teken of advertensieskutting gebruik nie, tensy die skriftelike toestemming van die WMPR vooraf verkry is: Met dien verstande dat hierdie artikel nie van toepassing is op 'n teken wat in artikels 4, 19, 22 en 24 bedoel word nie.

2. (2) 'n Teken wat met die goedkeuring van die WMPR vertoon word, mag op geen wyse verander, verskuif of heropgerig word nie en die elektroniese bedradingstelsel van sodanige teken mag nie verander word nie behalwe vir die doel van herstel- en instandhoudingswerk, tensy die verdere toestemming van die WMPR ingevolge artikel 2 (1) verkry is.

2. (3) 'n Aansoek ingevolge artikel 2 (1) moet deur die eienaar van die beoogde teken of advertensieskutting en deur die eienaar van die grond of gebou waarop die teken of advertensieskutting opgerig of vertoon gaan word, of namens die eienaar van die grond of gebou deur sy agent wat skriftelik deur sodanige eienaar gemagtig is, onderteken word, en ingedien word tesame met—

(a) a block plan of the site in which the sign or advertising hoarding is to be erected or displayed, drawn to a scale of not less than 1:500 showing every building on the site and the dimensioned position of the sign or advertising hoarding in relation to the boundaries of the site and the location of the streets abutting the site;

(b) drawings, drawn to a scale of not less than 1:20, showing the full text, lettering detail, colour, dimensions, material, construction and method of display, erection or placing of the sign or advertising hoarding;

(c) elevations to a scale of not less than 1:100 showing the position of the proposed sign or advertising hoarding and its relationship to any architectural and natural features as well as to any existing signs or advertising hoardings and/or a photograph of not less than 200 mm x 250 mm with the proposed sign or advertising hoarding superimposed thereon to scale.

(d) The Council may require the submission of an engineers certificate signed by an Engineer registered in terms of the Professional Engineers Act (Act No. 81 of 1968), to take responsibility for the structure as a whole.

(e) The Council may require the submission of an electrical certificate signed by a licensed electrical engineer if relevant to the application.

(f) The Council shall register every sign or advertising hoarding approved by it and allocate to it a registration number which shall be displayed on the sign in a suitable, clearly visible position by the owner thereof and if necessary in the opinion of the Council, in another place and in a manner to the satisfaction of the Council.

(g) All relevant documentation regarding the application and approval of a sign or advertising hoarding shall be retained by the owner of the property on which such sign or advertising hoarding is displayed and shall present such documentation to the Council upon request thereof.

(h) Every owner of land including a building on land on which a sign was erected before the coming into operation of these by-laws shall register such a sign with the Council and obtain a registration number as contemplated in subsection 2 (3) F: Provided that such registration number need not be displayed by the owner on the sign itself but may be displayed at a place and in a manner to the satisfaction of the Council.

3. Refusal, withdrawal or amendment of approval and appeal procedure

3. (1) The Council may refuse, withdraw or amend at any time an approval if in the opinion of the Council—

(a) it will be or becomes detrimental to the environment or the amenity of the neighbourhood by reason of size, intensity of illumination, quality of design or materials or for any other reason;

(b) it will constitute or becomes a danger to any persons or property;

(c) it will obliterate or obliterates other signs, natural features, architectural features or visual lines of civic or historical interest.

3. (2) Appeal procedure

(a) Any person may appeal to the relevant committee of the Council against any decision of the Council in terms of these by-laws, given by an official of the Council under delegated powers, within 30 days of receipt of notice of such decision.

(b) Such appeal shall be made by lodging a notice setting out the nature and grounds of the appeal within the period contemplated in subsection 3 (2) (a) with the relevant Strategic Executive of the WMLC.

(c) The committee referred to in subsection 3 (2) (a) shall hear the appeal including any oral or written submission from either party, and inform the applicant of its decision which shall be final, and the reasons therefor.

4. Exempted signs

4 (1) The following signs shall be exempt from the provisions of section 2 but shall comply with all other provisions of these by-laws save for signs contemplated in (a) and (b) which need not so comply:

(a) Any sign displayed in an arcade.

(a) 'n blokplan van die terrein waarop die teken of advertensieskutting opgerig of vertoon gaan word, geteken volgens 'n skaal van ten minste 1:500, waarop elke gebou op die terrein en die ligging, met afmetings, van die teken of advertensieskutting in verhouding tot die grense van die terrein en die ligging van die strate wat aan die terrein grens, aangedui word;

(b) tekeninge, geteken volgens 'n skaal van ten minste 1:20, wat die volledige teks, letterdetail, kleur, afmetings, materiaal, konstruksie en metode waarop die teken of advertensieskutting vertoon, opgerig of geplaas gaan word, aandui;

(c) aansigte volgens 'n skaal van ten minste 1:100 wat die posisie van die beoogde teken of advertensieskutting en sy verhouding tot enige argitektoniese of natuurlike kenmerke asook tot enige bestaande tekens of advertensieskuttings aandui en/of 'n foto van ten minste 200 mm x 250 mm met die beoogde teken of advertensieskutting volgens skaal daarop gesuperponeer.

(d) Die Raad kan vereis dat 'n ingenieursertifikaat wat onderteken is deur 'n Ingenieur wat ingevolge die Wet op Professionele Ingenieurs (Wet No. 81 van 1968) geregistreer is en wat verantwoordelikheid vir die struktuur as 'n geheel neem, ingedien word.

(e) Die Raad kan vereis dat 'n elektriese sertifikaat wat deur 'n gelisensieerde elektriese ingenieur onderteken is, ingedien word as dit op die aansoek van toepassing is.

(f) Die Raad moet elke teken of advertensieskutting wat deur hom goedgekeur word, registreer en 'n registrasienommer daaraan toeken wat deur die eienaar daarvan op 'n geskikte, duidelik sigbare plek en, indien dit na die Raad se mening nodig is, op 'n ander plek en op 'n wyse tot voldoening van die Raad vertoon moet word.

(g) Alle toepaslike dokumentasie met betrekking tot die aansoek en goedkeuring van 'n teken of advertensieskutting moet deur die eienaar van die eiendom waarop sodanige teken of advertensieskutting vertoon word, gehou word en sodanige dokumentasie moet op versoek aan die Raad getoon word.

(h) Elke eienaar van grond, met inbegrip van 'n gebou op grond waarop 'n teken opgerig is voordat hierdie verordeninge in werking getree het, moet sodanige teken by die Raad registreer en 'n registrasienommer verkry soos in artikel 2 (3) F bedoel: Met dien verstande dat die eienaar sodanige registrasienommer nie op die teken self hoef te vertoon nie maar dit op 'n plek en 'n wyse tot voldoening van die Raad vertoon kan word.

3. Weiering, intrekking of wysiging van goedkeuring, en appèlprosedure

3. (1) Die Raad kan 'n goedkeuring te eniger tyd weier, intrek of wysig indien, na die Raad se mening—

(a) die teken vanweë sy grootte, ligintensiteit, ontwerp- of materiaalgehalte of om enige ander rede tot nadeel van die omgewing of die aantreklikheid van die buurt strek of sal strek;

(b) die teken 'n gevaar vir enige persoon of eiendom inhou of sal inhou;

(c) die teken ander tekens, natuurlike kenmerke, argitektoniese kenmerke of visuele lyne van stads- of geskiedkundige belang uitwis of sal uitwis.

3. (2) Appèlprosedure

(a) Enigeen kan binne 30 dae nadat kennisgewing van 'n beslissing ontvang is, by die betrokke komitee van die Raad teen sodanige beslissing van die Raad wat ingevolge hierdie verordeninge deur 'n raadsbeampte ingevolge gedelegeerde bevoegdheid gegee is, appèl aanteken.

(b) Sodanige appèl moet aangeteken word deur binne die tydperk wat in artikel 3 (2) (a) bedoel word, 'n kennisgewing by die betrokke Strategiese Uitvoerende Beampte van die WMPL in te dien waarin die aard van en gronde vir die appèl uiteengesit word.

(c) Die komitee wat in artikel 3 (2) (a) genoem word, moet die appèl aanhoor, met inbegrip van 'n mondelinge of skriftelike betoog van enigeen van die partye, en die appèllant in kennis stel van sy beslissing, wat finaal is, asook die redes daarvoor.

4. Vrygestelde tekens

4 (1) Die volgende tekens is vrygestel van die bepalings van artikel 2 maar moet aan alle ander bepalings van hierdie verordeninge voldoen, behalwe tekens wat in (a) en (b) bedoel word wat nie aldus hoef te voldoen nie:

(a) 'n Teken wat in 'n arkade vertoon word.

(b) Any sign displayed inside a building.

(c) Any sign displayed on an approved advertising hoarding.

(d) Any sign advertising a current event in a cinema, theatre or other place of public entertainment, displayed in a fixture on a building especially made for such display.

(e) Any sign not exceeding the sizes specified on the table hereunder, which is displayed on a site where a building, swimming-pool, tennis court, paving, fencing or garden landscaping or any other structure is in the course of being constructed, erected, carried out or altered and which describes the building or structure being erected or other work or activity being carried out, and which displays the names of the contractors or consultants concerned in such work or activity and identifies the branches of the industry or the professions represented by them during the course of such construction, erection, carrying out or alteration, as the case may be: Provided that only one such sign, or set of signs shall be permitted per street frontage of a site which is placed on or affixed to the building concerned or attached parallel on the boundary fence of the erf on which the building is situated:

• Project boards giving the names of Architects, Consultants and Contractors: 3 m wide x 3 m high and with a maximum erected height of 6 m.

• Individual Contractor's and subcontractor's Board: 1,5 m wide x 1,0 m high.

(f) Any sign, other than a sign provided for in subsection 4 (1) (e), not exceeding 3 m in width x 2 m high which portrays or describes the type of development being carried out on a site and which gives details of the type of accommodation being provided, floor space available, the name, address, telephone number of the developer or his agent, erected during construction work or the carrying out of alterations or additions as the case may be and remaining for a period not exceeding three months after the completion of such work.

(g) A sign on a street frontage of a building occupied by shops, showrooms or other business uses as defined in the relevant Town-planning Scheme, other than a sign in an office park area, which is below the level of the ground floor ceiling and which is displayed on or fixed to the face of a building or suspended from the soffit of a canopy or verandah roof.

(h) A sign consisting of a 600 mm x 400 mm metal plate or board permitted in terms of sections 16 and 17.

(i) Any flag hoisted on a suitable flag pole which displays only a company name and motif.

(j) In residential use zones as per applicable Town-planning Schemes, a metal sign not exceeding 600 mm x 400 mm indicating the name, address and telephone number of a security company contracted to protect the property, provided that only one sign per stand or subdivision shall be permitted and such sign shall be firmly affixed to the boundary wall, fence or gates on the street frontage.

(k) One sign not exceeding 300 mm long and 210 mm high on each street boundary of an erf or portion of an erf which sign indicates the existence of a commercial security service, burglar alarm system or Block of Neighbourhood Watch System.

(l) A sign not exceeding 600 mm x 400 mm, indicating the existence of a Block or Neighbourhood Watch System, displayed on a boundary wall or fence or in a position approved by the Council.

(m) The owner of the building or property on which a sign contemplated in subsection 4 (1) (g) is displayed, shall indemnify the Council against any consequences flowing from the erection, display or mere presence of the sign.

(n) any sign which does not comply with the provisions of these By-laws and which was lawfully displayed on the day immediately preceding the date of commencement of these By-laws if the sign in the opinion of the Council is properly maintained and is not altered, moved or re-erected as contemplated in section 2 (2).

(b) 'n Teken wat binne 'n gebou vertoon word.

(c) 'n Teken wat op 'n goedgekeurde advertensieskutting vertoon word.

(d) 'n Teken wat 'n huidige aanbieding in 'n bioskoop, teater of ander plek van openbare vermaaklikheid adverteer en wat in 'n vaste toebehoorsel wat spesiaal vir die vertoon van sodanige advertensie gemaak is, op 'n gebou vertoon word.

(e) 'n Teken wat nie die groottes oorskry wat in die tabel hieronder gespesifiseer word nie, wat vertoon word op 'n terrein waar 'n gebou, swembad, tennisbaan, plaveisel, omheining of tuinbelandskapping of enige ander struktuur gebou, opgerig, gedoen of verbou word en wat die gebou of struktuur wat opgerig of ander werk wat gedoen of aktiwiteit wat uitgevoer word beskryf, en wat die name van die kontrakteurs of konsultante wat by sodanige werk of aktiwiteit betrokke is, vertoon en die vertakkinge van die bedryf of die professies wat deur hulle in die loop van sodanige konstruksie, oprigting, uitvoering of verbouing, na gelang van die geval, verteenwoordig word, identifiseer: Met dien verstande dat daar toegelaat word dat slegs een sodanige teken of stel tekens per straatfront van 'n terrein op die betrokke gebou geplaas of daaraan vasgemaak word of parallel met die grensheining van die erf waarop die gebou geleë is, bevestig word:

• Projekborde waarop die name van argitekte, konsultante en kontrakteurs aangegee word: 3 m breed x 3 m hoog, met 'n maksimum opgerigte hoogte van 6 m.

• Individuele kontrakteurs- en subkontrakteursborde: 1,5 m breed x 1,0 m hoog.

(f) 'n Teken, behalwe 'n teken waarvoor daar in artikel 4 (1) (e) voorsiening gemaak word, hoogstens 3 m breed x 2 m hoog, wat die soort ontwikkeling wat op 'n terrein gedoen word, uitbeeld of beskryf en wat besonderhede van die soort akkommodasie wat verskaf word, die beskikbare vloerruimte en die naam, adres en telefoonnommer van die ontwikkelaar of sy agent aangee, en wat gedurende die konstruksiewerk of die uitvoering van verbouings of aanbouings, na gelang van die geval, opgerig word en vir 'n tydperk van hoogstens drie maande na die voltooiing van sodanige werk daar bly.

(g) 'n Teken op 'n straatfront van 'n gebou wat geokkupeer word deur winkels, toonkamers of ander besigheidsgebruike soos in die toepaslike Dorpsbeplanningskema beskryf word, behalwe 'n teken in 'n kantoorparkgebied wat onder die vlak van die grondverdiepingplafon is en wat vertoon word, op of bevestig is aan die voorvlak van 'n gebou of van die soffiet van 'n baldakyn of verandadak hang.

(h) 'n Teken wat bestaan uit 'n metaalplaat of bord, 600 mm x 400 mm, wat ingevolge artikel 16 toegelaat word.

(i) 'n Vlag wat aan 'n geskikte vlagpaal hang en slegs 'n maatskappynaam en -motief vertoon.

(j) In residensiële gebruiksones volgens die toepaslike Dorpsbeplanningskema, 'n metaalteken, hoogstens 600 mm x 400 mm, waarop die naam, adres en telefoonnommer aangegee word van 'n sekuriteitsmaatskappy wat gekontrakteur is om die eiendom te beskerm: Met dien verstande dat slegs een teken per standplaas of onderverdeling toegelaat word en dat sodanige teken stewig teen die grensmuur, -heining of hekke aan die straatfront bevestig moet wees.

(k) Een teken, hoogstens 300 mm lank en 210 mm hoog, op elke straatgrens van 'n erf of gedeelte van 'n erf, welke teken die bestaan van 'n kommersiële sekuriteitsdiens, diefalarmstelsel of blok- of buurtwagstelsel aandui.

(l) 'n Teken, hoogstens 600 mm x 400 mm, wat die bestaan van 'n blok- of buurtwagstelsel aandui en vertoon word op 'n grensmuur of -heining of in 'n posisie wat deur die Raad goedgekeur is.

(m) Die eienaar van die gebou of eiendom waarop 'n teken bedoel in artikel 4 (1) (g) vertoon word, moet die Raad vrywaar teen enige gevolge wat spruit uit die oprigting, vertoon of blote teenwoordigheid van die teken.

(n) 'n Teken wat nie aan die bepalings van hierdie verordeninge voldoen nie en wat wettig vertoon is op die dag onmiddellik voor die datum van die inwerkingtreding van hierdie verordeninge, as die teken na die Raad se mening behoorlik in stand gehou word en nie verander, verskuif of heropgerig is soos in artikel 2 (2) beoog word nie.

(o) 'n Teken op 'n metaalplaat of bord, 1,5 m x 1 m of 1,5 m^5, wat ingevolge artikel 17 toegelaat word.

5. Prohibited signs

5. (1) No person shall erect or display any of the following signs or cause or allow any such sign to be erected or displayed:

(a) Any sign to be painted on the roof of a building or painted on, attached to, or fixed between the columns or posts of a verandah.

(b) Any sign to be suspended across a street.

(c) Any sign which will obscure a road traffic sign or which may be mistaken for or cause confusion with or interfere with the functioning of a road traffic sign.

(d) Any sign which will obstruct any window or opening provided for the ventilation of a building or which obstructs any stairway or doorway or other means of exit from a building or which will prevent the movement of persons from one part of a roof to another part thereof.

(e) Any animated or flashing sign the frequency of the animations or flashes or other intermittent alterations of which disturbs the residents or occupants of any building or is a source of nuisance to the public.

(f) Any illuminated sign the illumination of which disturbs the residents or occupants of any building or is a source of nuisance to the public.

(g) Any swinging sign, which is a sign not rigidly and permanently fixed.

(h) Any moveable or transit sign, whether stationary or not.

(i) Any sign referring to a price or change in price of merchandise except in a shop window, or on the article itself.

(j) Subject to the provisions of sections 16, 17 and 22 (2), any sign displayed on land not in accordance with the relevant zoning or approved consent use as per applicable Town-planning Scheme.

(k) Any advertisement or sign other than an exempted sign, for which neither a permit nor approval has been obtained.

(l) Any poster pasted otherwise than on a hoarding legally erected for the purpose of accommodating such poster.

(m) Any sign painted on a boundary wall or fence.

6. Advertising hoarding

6. (1) (a) The highest point of any advertising hoarding shall not exceed the height zone of the property it is to be erected upon nor shall the area of the advertising face exceed 36 m^2 unless otherwise approved.

(b) The clear height of an advertising hoarding shall not be less than 2,4 m to ground level, if not cladded with an approved material.

7. Signs suspended under verandahs or canopies

7. (1) Every sign which is suspended from a verandah or a canopy shall comply with the following requirements:

(a) Unless the Council otherwise permits, having regard to the design of the verandah or canopy and its associated building and to the position of the building in relation to the street boundary of the erf, the sign shall be fixed with its faces at right angles to such boundary.

(b) No part of the sign shall project beyond the outer edge of the verandah or canopy from which it is suspended.

(c) No part of the sign shall be less than 2,4 m above the surface of the sidewalk or ground level immediately below it, nor should the top of the sign be more than 1,0 m below the canopy or verandah from which it is suspended nor shall any sign exceed 1 000 mm in depth.

(d) Unless the Council in writing otherwise permits, the bottom edge of the sign when suspended shall be horizontal and the supports by means of which the sign is suspended, shall be an integral part of the design of the sign.

(e) No sign shall be located in the vicinity of a pavement hatchway giving access to a basement chamber containing equipment for a high voltage service connection without the prior written permission of the Strategic Executive: Metropolitan Electricity.

5. Verbode tekens

5. (1) Niemand mag enigeen van die volgende tekens oprig of vertoon of laat oprig of vertoon of toelaat dat dit opgerig of vertoon word nie:

(a) 'n Teken wat op die dak van 'n gebou geskilder word of tussen die pilare of pale van 'n veranda geskilder, bevestig of vasgemaak word.

(b) 'n Teken wat oor 'n straat gehang word.

(c) 'n Teken wat 'n padverkeersteken sal verberg of wat verwar kan word met, of verwarring kan veroorsaak ten opsigte van, of met die funksionering van 'n padverkeersteken kan inmeng.

(d) 'n Teken wat 'n venster of opening wat vir die ventilasie van 'n gebou voorsien is, sal versper of 'n trap of deuropening of ander uitgang uit 'n gebou versper of die beweging van persone van een deel van 'n dak na 'n ander deel daarvan sal verhoed.

(e) 'n Geanimeerde of flikkerteken waarvan die frekwensie van die animasies of flikkers of ander wisselvallige veranderings die inwoners of okkupeerders van 'n gebou pla of 'n bron van oorlas vir die publiek is.

(f) 'n verligte teken waarvan die lig die inwoners of okkupeerders van 'n gebou pla of 'n bron van oorlas vir die publiek is.

(g) 'n Swaaiende teken, wat 'n teken is wat nie stewig en permanent vas is nie.

(h) 'n Verskuifbare of mobiele teken, hetsy stilstaande of nie.

(i) 'n Teken wat na 'n prys of verandering van prys van handelsware verwys, behalwe in 'n winkelvenster of op die artikel self.

(j) Onderworpe aan die bepalings van artikels 16, 17 en 22 (2), 'n teken wat nie ooreenkomstig die toepaslike sonering of goedgekeurde toestemmingsgebruik volgens die toepaslike Dorpsbeplanningskema vertoon word nie.

(k) 'n Advertensie of teken, behalwe 'n vrygestelde teken, waarvoor daar nie 'n permit of goedkeuring verkry is nie.

(l) 'n Plakkaat wat op 'n ander plek geplak is as op 'n skutting wat wettiglik vir die doeleindes van sodanige plakkaat opgerig is.

(m) 'n Teken wat op 'n grensmuur of -heining geskilder is.

(n) 'n Rigtingteken wat in verband met die verkoop van vaste eiendom opgerig of vertoon word.

6. Advertensieskuttings

6. (1) (a) Die hoogste punt van 'n advertensieskutting mag nie die hoogtsone van die eiendom waarop dit opgerig gaan word, oorskry nie en die oppervlakte van die advertensievoorvlak mag nie 36 m^2 oorskry nie, tensy andersins goedgekeur.

(b) Die vry hoogte van 'n advertensieskutting mag nie minder as 2,4 m tot by die grondvlak wees as dit nie met 'n goedgekeurde materiaal beklee is nie.

7. Tekens wat onder verandas of baldakyne hang

7. (1) Elke teken wat aan 'n veranda of baldakyn hang moet aan die volgende vereistes voldoen:

(a) Tensy die Raad andersins toelaat, moet die teken, met inagneming van die ontwerp van die veranda of baldakyn en sy verwante gebou en die posisie van die gebou in verhouding tot die straatgrens van die erf, met sy voorvlakke reghoekig met sodanige grens bevestig word.

(b) Geen deel van die teken mag by die buitenste rand van die veranda of baldakyn waaraan dit hang, verbysteek nie.

(c) Geen deel van die teken mag minder as 2,4 m bokant die oppervlak van die sypaadjie of grondvlak onmiddellik onder sodanige teken wees nie, die bopunt van die teken mag nie meer as 1,0 m onder die baldakyn of veranda waaraan dit hang wees nie, en geen teken mag 1 000 mm in diepte oorskry nie.

(d) Tensy die Raad skriftelik andersins toelaat, moet die onderste rand van die teken wanneer dit hang horisontaal wees en moet die stutte waaraan die teken hang 'n integrale deel van die ontwerp van die teken wees.

(e) Geen teken mag sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Strategiese Uitvoerende Beampte: Metropolitaanse Elektrisiteit geleë wees in die omgewing van 'n sypaadjie-luikgat wat toegang verleen tot 'n kelderruimte wat toerusting van 'n hoëspanningdiensaansluiting bevat nie.

8. Signs on verandahs and canopies

8. (1) Any sign on the face of a verandah or canopy shall be subject to the following requirements:

(a) No sign shall—

(i) protrude above or below any part of the face, facia or parapet of a verandah or canopy;

(ii) exceed 600 mm in height; or

(iii) protrude horizontally by more than 230 mm or such lesser distance as the Council may specify, from such face, facia or parapet;

(b) Individual letters, either flat or three dimensional shall not exceed two thirds of the height of the canopy edge and all canopies carrying signs shall be painted for their full length or such lesser extent as required by the Council, with a background colour also to the satisfaction of the Council;

(c) If the canopy edge, face, facia or parapet is in excess of 100 mm in height and is in accordance with an approved building plan it shall be regarded as part of the face of the building to which it relates and the provisions of section 9 shall apply; and

(d) No illuminated sign or sign designed to reflect light, shall be attached to or displayed on any splayed or rounded corner of a verandah or canopy at a street intersection, unless the bottom of such sign is a minimum of 6 m above the street immediately below.

8. (2) No sign shall be erected on the top of a verandah or canopy except a sign or series of signs of uniform height, not exceeding 600 mm in height, which shall be—

(a) set parallels to and flush with the front edge of such verandah or canopy;

(b) fixed to the verandah or canopy so as to be self supporting without the aid of guys, stays or other similar devices; and

(c) mounted not more than 100 mm above the top of the verandah or canopy.

9. Signs flat on buildings

9. (1) The total area of any sign placed flat on the front wall of a building facing a street shall not exceed 20 square metres for every 15 m of building frontage to the street which such sign faces with a maximum area of 200 m^2.

9. (2) The maximum projection of a sign referred to in subsection 9 (1) over the footway or ground level shall be 75 mm where such sign is less than 4,2 m above the sidewalk or ground level immediately below such sign and 230 mm where such sign is more than 2,4 m above such footway or ground level.

9. (3) Signs placed flat on a wall of a building not being a wall contemplated in subsection 9 (1), shall not exceed 36 m^2 in total area.

9. (4) Notwithstanding the provisions of subsections 9 (1) and 9 (3), the Council may where it considers it desirable in the interests of the aesthetic appearance of the building on which the sign is placed or of the neighbourhood of such building, permit or require the dimensions of any such sign to be greater than those prescribed.

10. Projecting signs

10. (1) For the purposes of subsections (2), (3), (4), (6) and (7) hereafter, the word "sign" shall include every means of support for a projecting sign.

10. (2) Any means of support for a projecting sign shall subject to any other relevant provision of these By-laws, be concealed.

10. (3) The vertical dimension of every projecting sign, which shall be measured vertically between the highest point and the lower point of the sign, shall not be greater than 14m whether such sign is designed as a single unit or a series of units one above the other.

10. (4) No part of a projecting sign shall project more than 1,5m from the face of the wall or building to which it is attached, or more than one half of the width of the sidewalk immediately below such sign, whichever is the lesser dimension.

8. Tekens op verandas en baldakyne

8. (1) 'n Teken op die voorvlak van 'n veranda of baldakyn is onderworpe aan die volgende vereistes:

(a) Geen teken mag—

(i) bo of onder enige deel van die voorvlak, fassie of borswering van 'n veranda of baldakyn uitsteek nie;

(ii) 600 mm in hoogte oorskry nie; of

(iii) horisontaal meer as 230 mm of sodanige kleiner afstand wat die Raad kan spesifiseer, van sodanige voorvlak, fassie of borswering uitsteek nie.

(b) Individuele letters, hetsy plat of driedimensioneel, mag nie twee derdes van die hoogte van die baldakynrand oorskry nie en alle baldakyne met tekens op moet die hele lengte daarvan of sodanige kleiner omvang as wat die Raad vereis, geverf word met 'n agtergrondkleur wat ook tot voldoening van die Raad moet wees.

(c) As die baldakynrand, voorvlak, fassie of borswering 1 000 mm in hoogte oorskry en volgens 'n goedgekeurde bouplan is, word dit geag deel van die voorvlak van die gebou waarop dit betrekking het, te wees en die bepalings van artikel 9 is dan van toepassing.

(d) Geen verligte teken of teken wat ontwerp is om lig te reflekteer mag aan 'n skuins of geronde hoek van 'n veranda of baldakyn by 'n straatkruising bevestig of vertoon word nie, tensy die onderpunt van sodanige teken minstens 6 m bokant die straat onmiddellik onder sodanige teken is.

8. (2) Geen teken mag op die bopunt van 'n veranda of baldakyn opgerig word nie behalwe 'n teken of reeks tekens van eenvormige hoogte, hoogstens 600 mm hoog, wat—

(a) parallel en gelyk met die voorste rand van sodanige veranda of baldakyn is;

(b) aan die veranda of baldakyn bevestig is sodat dit vrystaande is en nie met behulp van ankertoue, ankers en ander dergelike toestelle gestut word nie; en

(c) hoogstens 100 mm bokant die bopunt van die veranda of baldakyn gemonteer is.

9. Plat tekens op geboue

9. (1) Die totale oppervlakte van 'n teken wat plat teen die voorste muur van 'n gebou wat op 'n straat front, geplaas word, mag nie 20 vierkante meter vir elke 15 m gebouvoorkant op die straat waarop sodanige teken kyk, oorskry nie, met 'n maksimum vloeroppervlakte van 200 m^2.

9. (2) Die maksimum oppervlak waarmee 'n teken wat in artikel 9 (1) genoem word oor die sypaadjie of grondvlak mag uitsteek, is 75 mm as sodanige teken minder as 2,4 m bokant die sypaadjie of grondvlak onmiddellik onder sodanige teken is en 230 mm as sodanige teken meer a 2,4 m bokant sodanige sypaadjie of grondvlak is.

9. (3) Tekens wat plat teen 'n muur van 'n gebou geplaas word wat nie 'n muur is wat in artikel 9 (1) bedoel word nie, mag nie 'n totale oppervlakte van 36 m^2 oorskry nie.

9. (4) Ondanks die bepalings van artikel 9 (1) en 9 (3), kan die Raad, waar hy dit in die belang van die estetiese voorkoms van die gebou waarop die teken geplaas word of van die buurt van sodanige gebou wenslik ag, groter afmetings as die voorgeskrewe afmetings vir enige sodanige teken toelaat of vereis.

10. Uitsteektekens

10. (1) Vir die doeleindes van subartikels (2), (3), (4), (6) en (7) hierna, sluit die woord "teken" elke soort stut in waarmee 'n uitsteekteken gestut word.

10. (2) 'n Stut vir 'n uitsteekteken moet, onderworpe aan enige ander toepaslike bepaling van hierdie verordeninge, verberg word.

10. (3) Die vertikale afmetings van elke uitsteekteken, wat vertikaal tussen die hoogste punt en die laagste punt van die teken gemeet moet word, mag nie groter as 14m wees nie, hetsy die teken as 'n enkeleenheid of as 'n reeks eenhede, die een bo-op die ander, ontwerp is.

10. (4) Geen deel van 'n uitsteekteken mag meer as 1,5m van die voorvlak van die muur of gebou waaraan dit bevestig is, of meer as een helfte van die breedte van die sypaadjie onmiddellik onder sodanige teken, watter afmeting ook al die kleinste is, uitsteek nie.

10. (5) The width of any projecting sign measured at right angles to the face of the wall or building from which it is designed to project shall not exceed 1,2m and where the sign projects more than 1,2m such sign shall be so fixed as to leave a continuous gap of uniform width between the face of the wall or building and the sign, of not less than 100mm, and not more than a quarter of the width of the sign so measured.

10. (6) No part of a projecting sign shall extend above the level of the top of any parapet wall from which it projects or above the level of the underside of the eaves or gutter of the building from which such sign projects.

10. (7) The vertical distance between the level of the sidewalk immediately below a projecting sign and the lowest part of such sign with a vertical dimension mentioned in column 1 of the following table shall not be less than the vertical distance specified opposite such dimension in column 2 of that table;

1 Vertical dimension of sign	2 Minimum vertical distance between sidewalk and sign
Not exceeding 3m	2,4m
Exceeding 3m but not exceeding 6m	3m
Exceeding 6m	4,8m

11. Pylon sign

11. (1) For the purposes of this section the word "pylon" includes any pylon, mast, tower or similar structure to which a sign is attached, by which a sign is supported, on which a sign is displayed or which is constructed as a sign.

11. (2) Every pylon shall be independently supported and for that purpose be properly secured to an adequate foundation in the ground and be entirely self-supporting without the aid of guys, stays, brackets or other restraining devices.

11. (3) The dimensions of a pylon without the pylon sign shall be such that the entire assembly, whether stationery or actuated, can be contained wholly, within a notional vertical cylindrical figure having a diameter of 6m and a height of 12m.

11. (4) No activated or protruding part of a pylon or of a pylon sign shall be less than 2,4m above the highest point of the existing ground level immediately below such pylon or sign or such other height as the Council may require.

11. (5) No pylon shall carry signs in the aggregate exceeding an area of 72 m^2.

12. Signs indicating the development of a township

No sign referring to the laying out or development of any land as a township or to the disposal of any erven in a township, shall exceed 3m wide by 2m high and any approval granted in respect of such sign in terms of section 2, shall lapse after the expiry of one year after the date of such approval.

13. Requirements for sky signs.

13. (1) Two or more sky signs placed one above the other, whether or not in the same vertical plane shall, for the purposes of this section, be deemed to be one sign.

13. (2) Every sky sign shall be set against a screen complying with the requirements of section 14.

13. (3) No part of a sky sign shall protrude beyond, above or below the edge of the screen required in terms of subsection (2).

13. (4) If the number of storeys contained in that part of a building which is directly below a sky sign is as set out in column 1 of the following table, the maximum vertical dimensiion of such sign shall not exceed the dimension specified opposite such number of column 2 of that table:

10. (5) Die breedte van enige uitsteekteken, gemeet reghoekig tot die voorvlak van die muur of gebou waarvan dit ontwerp is om uit te steek, mag nie 1,2m oorskry nie en, as die teken meer as 1,2m uitsteek, moet sodanige teken bevestig word sodat daar 'n aaneenlopende gaping van eenvormige breedte van minstens 100mm en nie meer nie as 'n kwart van die breedte van die teken aldus gemeet, tussen die voorvlak vn die muur of gebou en die teken gelaat word.

10. (6) Geen deel van 'n uitsteekteken mag bo die bopunt van 'n borsweringmuur waarvan dit uitsteek of bo die onderkant van die dakrand of geut van die gebou waarvan sodanige teken uitsteek, strek nie.

10. (7) Die vertikale afstand tussen die vlak van die sypaadjie onmiddellik onder 'n uitsteekteken en die laagste deel van sodanige teken met 'n vertikale afmeting wat in kolom 1 van die volgende tabel genoem word, mag nie minder wees as die vertikale afstand wat teenoor sodanige afmeting in kolom 2 van daardie tabel gespesifiseer word nie:

1 Vertikale afmeting van teken	2 Minimum vertikale afstand tussen sypaadjie en teken
Hoogstens 3m	2,4m
Meer as 3m maar hoogstens 6m	3m
Meer as 6m	4,8m

11. Piloontekens

11. (1) Vir die doeleindes van hierdie artikel sluit die woord "piloon" 'n piloon, mas, toring of soortgelyke struktuur in waaraan 'n teken bevestig is, waardeur 'n teken gestut word, waarop 'n teken vertoon word of wat as 'n teken gebou is.

11. (2) Elke piloon moet onafhanklik gestut word en vir daardie doel behoorlik vasgemaak word aan 'n toereikende fondament in die grond en heeltemal vrystaande wees sonder die hulp van ankertoue, ankers, steunstukke of ander stuttoestelle.

11. (3) Die afmetings van 'n piloon sonder die piloonteken moet sodanige wees dat die hele samestel, hetsy stilstaande of geaktueer, heeltemal binne 'n denkbeeldige vertikale silindriese figuur met 'n diameter van 6m en 'n hoogte van 12m vervat kan word.

11. (4) Geen geaktiveerde of wegstaande deel van 'n piloon of van 'n piloonteken mag minder as 2,4m bokant die hoogste punt van die bestaande grondvlak onmiddellik onder sodanige piloon of teken of sodanige ander hoogte wat die Raad vereis, wees nie.

11. (5) Geen piloon mag tekens dra wat 'n oppervlak van altesaam 81m^5 oorksry nie.

12. Tekens wat 'n dorpsontwikkeling aandui

Geen teken wat na die uitleg of ontwikkeling van grond as 'n dorp of die verkoop van erwe in 'n dorp verwys, mag groter as 3m breed × 2m hoog wees nie, en goedkeuring wat ingevolge artikel 2 ten opsigte van sodanige teken verleen word, verval en verstryking van een jaar na die datum van sodanige goedkeuring.

13. Vereistes vir kimtekens.

13. (1) Twee of meer kimtekens, die een bo-op die ander geplaas, hetsy op dieselfde vertikale vlak of nie, word vir die doeleindes van hierdie artikel geag een teken te wees.

13. (2) Elke kimteken moet teen 'n skerm geplaas word wat aan die vereistes van artikel 14 voldoen.

13. (3) Geen deel van 'n kimteken mag verby, bo of onder die rand van die skerm wat ingevolge subartikel (2) vereis word, uitsteek nie.

13. (4) As die aantal verdiepings in daardie deel van 'n gebou direk onder 'n kimteken is soos in kolom 1 van die volgende tabel uiteengesit word, mag die maksimum vertikale afmeting van sodanige teken nie die afmeting wat teenoor sodanige aantal verdiepings in kolom 2 van die tabel gespesifieer word, oorskry nie:

1 Number of storeys below sign	2 Maximum vertical dimension
One or two storeys	1,5m
Three or four storeys	2,0m
Five or six storeys	3,0m
Seven or eight storeys	4,0m
Nine or more storeys	5,0m

14. Screens for sky signs

14. (1) Every screen for a sky sign required in terms of section 13 (2) shall comply with the following requirements:

(a) (i) Subject to the provisions of subparagraph (a) (ii), every screen shall be so arranged and constructed as to form a continuous enclosure effectively concealing the frame and the structural components of the sky sign and the screen from view and, if the Council so requires, from adjacent or neighbouring properties;

(a) (ii) If, in the opinion of the Council, the walls of any contiguous buildings are of such height and construction that they will effectively conceal and do not contain openings overlooking the frame and structural components referred to in subparagraph (a) (i), the Council may, subject to any condition it deems expedient, relax the requirement of that subparagraph requiring the provision of a continuous enclosure;

(b) Unless the Council allows otherwise, no part of the screen shall protrude beyond the perimeter of the building on which it is constructed;

(c) The gap between the bottom of the screen and that part of the building immediately below it shall not exceed 100 mm;

